

FONDSE EN BATES BYLAAG 1

REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN FONDSE EN BATES (REGLEMENT 6)

1. NAAM

Algemene Steunspan Fondse en Bates (ASFB).

2. SAMESTELLING

- 2.2 Die Steunspan word saamgestel uit een lid per sinode met sekundus deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer.
- 2.3 Sinodes kan op eie koste 'n bykomende lid met adviserende stem aanwys.
- 2.4 Die algemene sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is ex officio lede van die Steunspan.
- 2.5 Die voorsitters van die substeunspanne wat die Steunspan aanwys, woon die vergadering adviserend by.
- 2.6 Die Steunspan kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit eie geledere.

3. OPDRAG

Die Steunspan

- 3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van finansiële bestuur, bates, beleggings, eiendomme en audit;
- 3.2 stel jaarliks in oorleg met die Bedryfspan die begroting vir onderskeidelik die strategiese en operasionele werksaamhede van die Algemene Sinode op aan die hand van
 - 3.2.1 Artikel 43 van die *Kerkorde*;
 - 3.2.2 die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode;
 - 3.2.3 die prioriteite deur die Algemene Sinode gestel;
 - 3.2.4 die begrotings- en beleggingsbeleid van die Algemene Sinode; en
 - 3.2.5 die beskikbaarheid van fondse daarvoor.
- 3.3 hou toesig oor die besteding van fondse ten opsigte van al die werksaamhede van die Algemene Sinode, waaronder die administratiewe, personeel- en kapitale uitgawes;
- 3.4 tree in gesprek met die Ouditkomitee soos nodig;
Kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Ouditkomitee voor wat dit dan aanbeveel na die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring;
- 3.6 lewer jaarliks insette aan die Steundiens Menslike Hulpbronne in verband met die riglyne vir die vergoedingspakket van bedienaars van die Woord;
- 3.7 beoordeel die finansiële implikasies by die vulling van vakatures in poste vir werknemers in algemene sinodale diens;
- 3.8 sien toe dat die *Reglement vir Eiendomme, Goedere en Fondse* uitgevoer word ten opsigte van die Algemene Sinode, die afsonderlike regsenteite en trusts se fondse en bates;
- 3.9 tree op in alle regsgedinge of dispute oor eiendom, goedere en fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoeve van die Algemene Sinode na raadpleging van die Algemene Steunspan Regte;
- 3.10 stel in oorleg met die Algemene Steunspan Regte reglemente op vir geadministreerde fondse en lê dit vir goedkeuring voor aan die Algemene Sinode of die Moderamen wanneer die Algemene Sinode nie in sitting is nie;
- 3.11 wys sonder afstanddoening van aanspreeklikheid die nodige substeunspanne aan om gedelegeerde werksaamhede te onderneem, waaronder 'n substeunspan vir beleggings en 'n substeunspan vir eiendom;
- 3.12 wys elke twee jaar drie fidusiêre verantwoordelike persone aan soos vereis vir die Algemene Sinode as Openbare Weldaadorganisasie; en
- 3.13 sien toe dat die jaarlikse opgawe van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) voorsien word soos deur die Belastingvrystellingseenheid van die SAID vereis.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

- 4.1 Die Steunspan konstitueer so spoedig moontlik na aanwysing en vergader ten minste twee keer per jaar op nie-elektroniese wyse.
- 4.2 Indien nodig, kan bykomend van die elektroniese vergaderingswyse gebruik gemaak word.

5. DAGBESTUUR

- 5.1 Die Dagbestuur word saamgestel uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba van die ASFB. Die Algemene Sekretaris en die rekenmeester in die kantoor van die Algemene Sinode is ex officio lede van die Dagbestuur.
- 5.2 Die Dagbestuur handel met sake soos verwys deur die ASFB binne die delegasies soos goedgekeur deur die ASFB met verslagdoening aan die ASFB.